

KAMMANUUS

Nommer 381

18 Augustus 2014

'n Publikasie van onsdorp.com

TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Skraal Attie kom tot Annabelle se redding

Hoofstuk I, Deel IV

Hierdie week spring ek weer bietjie na die teenswoordige want anders vergeet ek dalk net om later hierdie stukkie nuus te deel oor wat so pas daar in Onrus gebeur het. Die insident het terloops ook so verlans tog ook 'n raakpunt met Lesotho en die dag toe ons 'n gewapende kaping beleef het.

Maar later meer daarvoor, genoeg vir nou om te sê dat Kamermaatjie se oormatige sekuriteitsbewustheid van daardie dag af kom. Als wat kan gebêre word, word diêp gebêre. Als wat kan sluit, word twee keer gesluit. So gaan laai ek haar mos twee weke gelede af in Hermanus sodat sy en 'n vriendin van Australië bietjie kan gatskuur in die Suid-Kaap en op pad Richmond toe sommer kan boom toppe seil en volstruise ry.

Terwyl sy wag, besluit Annabelle om sommer ook ons een bad in 'n bad-stortkombinasie te omskep. Dit beteken sy moes toe tydelik oortrek na ons gastekamer. Op die laaste dag van die bouwerk moes sy gou afgaan na die kompleks se kantore wat so 300 meter van ons huis af is.

Madam besluit toe dat terwyl Attie, die man wat teëls insit, nog in die huis is, moet als wat gebêre kan word, gebêre word en als wat gesluit kan word, gesluit word. Die gastekamer word van binne gesluit en sy gaan by die ander deur uit wat die kamer met die garage verbind. Hoewel die roldeur van die waenhuis 'n afstandbeheer het, is daar ook 'n knoppie teen die muur wat mens kan druk. Sonder om twee keer te dink, druk sy die knoppie en draf onder die afgaande roldeur uit na buite. Als is nou veilig gesluit.

Met die terugkomsag sit Attie al buite op die gras. Hy is klaar met sy werk. Dan tref dit kamermaatjie tussen haar pragtige seegroen ogies sy het haar deel van die huis so goed beveilig dat sy nou self uitgesluit is!

Ná die eerste paniekbeklemming en angsaanval so effe bedaar en sy haarself 'n paar keer met 'n denkbeeldige mes in die bors gestee het, begin sy planne maak.

Dan onthou sy. Hoewel al wat 'n venster is hierdie winter gewoonlik bot toe is weens die reën en koue, moes sy mos vanoggend noodgedwonge die badkamer se boonste venstertjie oopmaak - die naloop van die geurige kos die vorige aand by die opening van die Kalfiefees.

Vinnig word daar vergelyk tussen venstergaping en bors en heupmaat. Lyk of sy net-net gaan pas. Mooi word Attie gevra of hy haar nie sal help optel sodat sy kan in inseil deur die posseelgrootte venstertjie nie.

Attie kyk haar so op en af en merk dan op: "Mevrou moetie aanstoot vattie, maar ek is effe skraler as mevrou, lat ekkie liewe' doen."

Dankbaar help sy vir Attie op en nadat sy eers op 'n mees onbetaamlike posisie met haar kop tussen sy bene was en Attie al halflyf deur die venster is, worstel hy skielik weer terug. Hy meen as hy nou 'n Fosburyflop gaan moet doen, gaan hy hom des moers val bo-oor die toilet. Dis nou as hy nie kop eerste in die spoelbak self beland nie.

Haar moed sak tot in haar tekkies. Wat van as hy skuins draai as hy half in is en bo-oor die stort se muur probeer seil? Weer probeer die twee en ná nog 'n gestoeiery en drukkery van agter, is Attie in en kom hy 'n paar oomblikke later triomfantlik met die sleutels in die hand uit die huis gestap. Met 'n stewige kontantbonus in die hand is hy daar weg en Kamermaatjie is weer veilig agter ongeslote deure, verenig met haar goedjies.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Lees die begin van die storie op www.onsdorp.com

Om die kampvuur

Uit Toeka se Tyd



Die botterkarring

Die botterkarring berus op die beginsel dat botter verkry kan word deur room lank genoeg te stamp, draai of skud.

Verskillende soorte karrings is geprakseer, soos waar die room met 'n stok in 'n houer geroer is. Mettertyd is botter egter ook gemaak deur iets soos 'n ysterklitser met die hand te draai, soos die boervrou op die foto.



Moet nooit 'n bul
van voor
of 'n perd van agter
of 'n idioot
vanuit enige rigting
benader nie.

VREEMDE WETTE

Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.

In MISSOURI het 'n man 'n permit nodig om te skeer.

In VIRGINIA moet hoenders hul eiers tussen 08:00 en 16:00 lê.

In KENTUCKY mag jy jou grasperk enige kleur behalwe rooi verf.

In BRITTANJE mag 'n swanger vrou enige plek urineer - op versoek ook in 'n polisieman se hoed.

KULULA SE HUMOR

♦ Ná 'n baie harde landing: "Dames en here, bly asseblief sit terwyl Kaptein Kangaroo ons na die terminaal wip."

♦ "Jou sitplekkussing kan dryf. In geval van 'n noodlanding ter see, moet jy asseblief land toe roei. Hou die kussing met ons beste wense."

♦ Die verwagte weer in Kaapstad is 30 °C met los wolke. Ons sal probeer om hulle vas te maak.

Die herkoms van ons gesegdes (34)

Orig: Moenie jou orig hou nie (moenie jou met ander se sake bemoei nie)
Afgelei van "jou ore oophou" en dus weet wat ander mense doen en jou dan daarby inmeng.

Peetje: Jou peetje af wag (baie lank wag)

Peetje is 'n ou woord vir "oorgrootvader, -moeder". "Moeder" word vervorm tot (die plat vorm) "moer" in al die uitdrukkings waar peetje voorkom; in hierdie geval is dit dus dieselfde as jou moer af wag.

Peetje: In jou peetje wees (bankrot, onderdeur, tot niet wees)

Kyk by jou peetje af wag: in hierdie uitdrukking dieselfde as in jou moer wees.

Pen: Aan die pen ry (verantwoording doen)

Vroeër is 'n houtpen deur die neus van 'n vark gestee en so vasgemaak dat die dier nie kon voetel of woel nie. Ander diere is ook met 'n tou of riem aan 'n pen vasgemaak sodat hulle kon wei maar nie wegdraal nie. Om aan die pen te ry se figuurlike betekenis is dus om vas te wees - soos in die hande van die gereg.

Perd: Gou op jou perdjie wees (gou kwaad word)

Uit die Middeleeue: as iemand sy humeur vinnig verloor het, was hy sommer dadelik gereed om sy teenstander uit te daag tot 'n tweegeveg op perde met lanse.

Het jy tussen 1930-'80 grootgeword?

Kyk hoe gelukkig is jy!

- ♦♦ Eerstens het ons die rokery en drinkery van ons moeders oorleef terwyl hulle swanger was.
- ♦♦ Saans is ons op ons magies in ons bedjies gesit in 'n kot wat oorgetrek was met helder kleurige loodbasis verf. Ons het geen kindvaste deksels of proppe op medisynebottels, deure of kaste gehad nie en geen kopskerms gedra as ons fietsry nie - om nie te praat van die risiko's toe ons duim gery het nie.
- ♦♦ As kleuters en kinders kon ons agter op die sitplek sit sonder veiligheidstoel, veiligheidsgordels of lugsakke.
- ♦♦ Om agter op die bakkie te ry was groot pret en ons het water uit die tuinslang gedrink en nie uit bottels nie.
- ♦♦ Ons het ons koeldrankies met vier vriende uit dieselfde bottel gedeel en niemand is dood daarvan nie.
- ♦♦ Ons het sjokoladekoek en witbrood geëet met regte botter en Kool Aid met suiker gemaak om te drink, maar ons was nie oorgewig nie want ons het altyd buite gespeel!
- ♦♦ Ons het soggens vroeg die huis verlaat en het heeldag gespeel. Solank ons terug was as die straatligte aankom of voor die kerse aangesteek was.
- ♦♦ Niemand kon ons kontak deur die dag nie en ons het almal veilig teruggekeer huis toe.
- ♦♦ Ons het ure spandeer deur kaskarre te bou uit afvalhout en yster en 'n ou prêm se wiele en het dan teen die steilste bulte afgejaag, net om uit te vind ons het vergeet van die brieke.
- ♦♦ Die dogtertjies het die rokkies in hul broekies gestee om ook in al die pret te kon deel en niemand het iets daarvan gedink nie.
- ♦♦ Sondae het ons almal ons beste kleertjies aangetrek en kerk toe gegaan. Geen verskonings om tuis te bly was aanvaarbaar nie.
- ♦♦ Ons was ook geleer hoe om elke aand voor ons bedjies te kniel en te bid.
- ♦♦ Ook nie 150 TV kanale, DVD's of videoflieks, selfone, persoonlike rekenars met Internet, Facebook of chatrooms nie...
- ♦♦ Ons het VRIENDE gehad... en as ons hulle gesoek het, het ons net buite toe gegaan.
- ♦♦ Ons het uit bome geval, was gesny en het bene gebreek en daar was geen geregtelike eise vir hierdie ongelukke nie.

IS MANS BEHULPSAAM?



NEE

JA

truthfacts.com

GESTEELDE ROK

Die man verskyn in die hof op 'n aanklag van diefstal, en die magistraat vra hom hoekom hy by die winkel ingebreek het.

"U sien, u Edele, ons is baie arm en my vrou het 'n nuwe rok nodig gehad."

"Maar dit sê hier jy het vier keer by dieselfde winkel ingebreek?"

"Ja, u Edele. Maar ek moes die rok mos drie keer gaan omruil."

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

POLITICI

Ek maak nie grappe nie – ek rapporteer net wat die regering doen.

- **Will Rogers**

Praatjies is goedkoop, behalwe wanneer die regering dit doen.

Anoniem

Die regering is soos 'n baba: 'n vrolike aptyt aan die een kant en geen verantwoordelikeheid aan die ander kant.

- **Ronald Reagan**

Al verskil tussen die regering en 'n taksidermis is dat die taksidermis die vel agterlaat.

- **Mark Twain**

In my baie jare het ek tot die gevolgtrekking gekom dat een hopelose man 'n skande is. Twee is 'n regsfirma en drie of meer is 'n regering.

- **John Adams**



Só bederf jy 'n romantiese oomblik.

TWEE KWARTE

Eerste blondine: "Hulle sê ons gebruik net een kwart van ons breine."

Tweede blondine: "En wat maak ons dan met die ander kwart?"

**Goeie nuus vir die dommes:
Jellievisse het al 650 miljoen jaar
sonder 'n brein oorleef.**

Liewe Lena

My kêrel word volgende maand 23 en ek wil vir hom iets moois vir sy verjaardag koop.

Waar van dink jysal hy hou?

Santie

Liewe Santie

Maak nie saak waar van hy hou nie. Koop vir hom 'n das.



JULIUS MALEMA SE KLAGTE IN DIE HOF

Julius Malema het hof toe gegaan en gevra dat die woord "swartlys" verbied word. Toe hy gevra is om sy saak te stel, het hy gesê:

"Hierdie rassitiese woord demoraliseer die swart mense van die land! Hoe kan jy swart mense op 'n swartlys sit net omdat hulle swart is? Hoekom is daar nie ook wittes op die swartlys nie?"

Die regter het 'n minuut lank 'n pynlike trek op sy gesig gehad voordat hy geantwoord het:

"Wit mense is op 'n aparte lys en dit het niks met rassisme te doen nie. Die mense op die witlys is belastingbetalers."

VRIENDELIKE RAAD

Die man stap te meergedruk by 'n eetplek in en plaas sy bestelling by die kelnerin:

"'n Vleispastei en 'n paar vriendelike woorde, asseblief."

Sy bring die pastei, maar sê niks.

Toe hy vra: "En waar is my vriendelike woorde?" antwoord sy:

"Moenie die pastei eet nie."

Die TOWENAAR VAN ID deur Parker en Hart



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Die Yanks maak fout

Die wetenskaplikes by Rolls Royce het 'n geweerontwerp wat dooie hoenders kan skiet na die voorruite van vliegtuie en militêre spuitvliegtuie wat teen 'n baie hoë spoed vlieg.

Die idee was om die gereelde ongelukke met voëls na te maak en die sterkte van die ruite te toets.

Amerikaanse ingenieurs het van die geweer gehoor en wou dit graag op die ruite van hul hoëspoed treine toets.

Toe hulle dit toets, was hulle geskok. Die hoender het die versterkte voorruit flenters gebreek, deur die binnekonsole getrek, die drywer se stoel se rug getrek en in die agterste muur van die kajuit vasgesit soos 'n koeël wat uit 'n boog geskiet is.

Die ontstelde Yanks het die rampspoedige gevolge met foto's gedokumenteer en dit saam met die ontwerp van die ruit aan Rolls Royce gestuur en vir voorstelle gevra.

O, julle gaan hiervan hou!

Rolls Royce se antwoord was net een reël:

"Ontvries die hoender."

♦Uit 'n personeeltydskrif van Rolls Royce.

Skotse humor

'n Griek en 'n Skot het in die Starbucks-kafee gesit en stry oor wie se kultuur die beste is.

Na 'n paar biere sê die Griek: "Wel, die Grieke het die Parthenon gebou," en sy oë gerol.

Die Skot, glad nie op sy bek geval nie, antwoord: "Ja, maar die Skotte het die soneweninge ontdek."

Die Griek het vinnig teruggekap.

"Maar ons het geboorte gegee aan geworderde wiskunde."

Die Skot het instemmend geknik.

"Maar die Skotte het die eerste horlosies en kalenders geskep."

Die Griek het bietjie gedink en toe kom hy met wat hy dink die argument sal beëindig.

"Die Grieke is die mense wat seks uitgevind het!" het hy triomfantelik gesê.

"Ja," sê die Skot toe.

"Maar dit was die Skotte wat dit aan vroue bekend gestel het."



Die einde van 'n SKINDERBEK

EK IS BAIË GOED IN DIE BED

Ek kan heeldag in
hom bly.

Agatha was die kerk se skinderbek en die selfaangestelde monitor van die kerk se moraliteit. Sy het haar neus gedurig in ander se sake gesteek en stories versprei.

Verskeie gemeentede het 'n gly in haar buitemuurse aktiwiteite gevang, maar was bang genoeg om nie op te tree nie. Sy het egter die fout gemaak toe sy loop en vertel dat 'n nuwe lid, Frans, 'n alkoholis is. Dit was nadat sy sy bakkie een middag voor die dorp se enigste kroeg geparkeer gesien het.

Frans, 'n man van min woorde, het haar net aangekyk en weggestap sonder om te verduidelik of homself te verdedig of dit te erken.

Later dieselfde aand het hy sy bakkie voor Agatha se huis geparkeer en huis toe gestap. Hy het die bakkie tot laatmiddag die volgende dag daar gelos totdat hy seker was al die gemeentede het dit gesien.

En dit was die einde van die storie.

Duskanlander in Anderkantland

Ons 'borrel' rond in Amsterdam

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou uit Ghana toer in Europa

Oplaas is ek en my gesin op vakansie. Kyk Boeta, vir aerie-ry ín en óm Afrika gaat jy hóés; so vir dieselfde geldjie in die hand fladder ons in ghrënd styl na Europa! Nadat die visum-ouens eers goed met 'n mens gemors het moet jy beslis hare op jou tande hê om die lughawe se sekuriteit te vergewe vir hulle gevroetel en gesnuffel.

Eerste stop Amsterdam. Die sakkerollers is amper weg met my horlosie, daarom klou ek verbete aan my handsak want almal stamp en stoot moedswillig aan jou. Hierso loop almal óf oopbek óf kwylbek, maar almal stáár.

My agtienjarige seun het 'n permanente glimlag op sy bakkies deur die klipstegies van Amsterdam. Hy reken hy's beslis in die destydse "Paradys" (of Parrawys) want die Eva's het hoeka so min kleertjies aan.

My man word brom-brom saamgesleep op boot-toere op en om die kanale. Kastele en windmeulens en museums, als word ingepas. So belewe ons beide argitektuur en kultuur. Ons oe en aha so knikkend vir die gidse se gebabbel oor gewels en boustene en steunpilare onder die watervlak.

Die een na die ander oudheid word uitgewys: 'n Huis vanuit 1485! Nog geboue oor die eeue - 16de en 17de eeu en so gaan sy aan. Als is weer perfek gerestoureer.

“

Ek sidder om te dink wat vandag van Ou Johannesburg oor is.

Dit sit my aan die wonder oor wat staan in Afrika vanuit dieselfde tydperk. Daar in Ghana is 'n paar forte en slawekastele, maar als is effe muf en verval.

Daar's geen vergelykin tussen ons toerisme in Ghana en die euro's wat flink hier in Amsterdam inrol nie. Ek kan net dink dat die Europeërs 'n lang plan gehad het.

Die grondherwinningsproses het reeds in die 17e eeu begin en hulle bly net aankom met nuwe planne. Daai windkragwaaiers, elektriese motors en fietse is darem erg groen. In watter eeu sal ons ooit opvang?

Ek gooi my geoefende wit oogrol en sidder om te dink presies wat vandag van Ou Johannesburg oor is. Gaan kyk bietjie in Yeoville na die eens spoghotelle wat verval en half afgebreek bewoon word deur plakkers. Als wat eens spiekeries was sal nog tot op die grond afgebrand word voordat iemand van die museumkommissie van die soustrein se diepe slaap wakkerskud.

Goed, goed - genoeg bitterbalstories. Daars ook 'n ander soort wat mens kan eet. Ons leer so ietsie merkwaardig hier - werk hard en neem elke dag tyd vir jousef en/of jou vriende en "borrel". Dit is wanneer julle iewers in die buitelig sit en gesellig wees en lag en kuier - met of sonder sjampanje - dan "borrel" jy.

Daar en dan val ons in met die briljante idee. Daar word elke dan en wan gesit en bitterballetjies geëet, of appeltert of stroopwafeltjies. Ons bevind onself in groen parke met elke soort geur en kleur mens. Daar is gratis musiekopvoerings, mense op rolskaatse in skrapse Yoga-brœkies, honde van elke sort en daar's vrede. Ons 'borrel' met wyn in die hand en botterbroodjies in die ander hand.

Ek moet hierde Kaaskoppe bes gee. Ai-ja-ja! Hulle wéét van hard werk en plesierig wees. Nou ja, voort na Parys om te gaan kyk wat ek daar kan leer...

Spontane antwoorde

Antwoorde uit die dae toe Hollywood Squares deur Peter Marshall aangebied en die antwoorde nog spontaan was:

V: "Jy sukkel om te slaap. Is jy meer waarskynlik 'n man of 'n vrou?"

Don Knotts: "Dis mos die ding wat my laat wakker lê."

V: "Jy ontmoet 'n aantreklike man op 'n partytjie. Is dit in orde om hom te vra of hy getroud is?"

Rose Marie: "Nee, dit kan wag tot die volgende oggend."

Die ou graf in die driffie

Daar is die ou storie van die oom en tannie wat daar in die begin van die vorige eeu deur struikrowers van hul wa en perde beroof is toe hulle van die dorp af kom.

Toe die rowers daar wegjaag met die wa, haal die tannie die oom se beursie uit haar mond waarsy hom mooitjies versteek het.

Pleks van bly wees, skud die oom sy kop weemoedig en sê toe mooitjies:

"Ai, ou vrou, as jy vroeër dié plan gekry het, kon ons nog die wa en perde ook gered het."

Groot fout! Die oom se grafsteen staan blykbaar ná al die jare nog net daar op dieselfde plek in die driffie.

Stamboom

Help ons familiesoekers

BARNARD bbproperties@ieay.na

Barnard-familiewapen: Enige Barnard wat die wapen in sy stamboom herken, kan u my kontak asseblief.

(**Kammanuus:** Die wapen hier uitgebeeld is die een wat beskryf word en is een van vier Barnard-familiewapens. Google gerus die ander.)



DAUTH loammie.nel@angloamerican.com

Ek wil meer uitvind van my oupa. Ek dink hy was Barend Willem Dauth en hy was getroud met Magrieta Comelia Marais. Hulle kinders was Joseph (Joppie), Barend (Ben), Johannes (Hannes) en Dideric (Dick, hy was 'n baba toe my oupa oorlede is. Ek dink daar was 'n dogter ook maar sy is ook oorlede. Sy graf moet tussen Kanoneiland en Kakamas wees.

EARLE wildkattalpa@gmail.com

Ek wil graag meer weet van my familie, maar al inligting wat ek van my pa af gekry het is dat ons van Skotse afkoms is en dat ons wapen kleure groen, rooi en mostert geel is. My pa se name is Richard James Alfred Earle gebore 26 Maart 1951.

LOURENS (LOUWRENS) jjlourenslc@hotmail.com

Vader is Jan Petrus Johannes Lourens gebore 1917.

MYBURGH gansie.coetzee@daimler.com

Ek is op soek na meer inligting van Catharina Petronella Myburgh, gebore 3 Mei 1881, en oorlede 30 Maart 1960 in Amaruru, Namibië. Sy was getroud met George Thomas.

PRETORIUS m.image.ink@gmail.com

Ek is op soek na my ma se pa (my oupa) of naaste familie wat my meer kan vertel oor my oupa. Ek is nie seker of ek die regte name het nie, John George Pretorius. "Jan" Gebore 02/07/1944. Hy was betrokke by 'n dame bekend as Blondie (Libby), en het 'n dogter en twee seuns gehad by die name van Gustav, John en Silvia. Is nie seker of hy werklik oorlede is en wat sy geskiedenis is nie. Hy het in die Newlands/Quellarina area gewoon en was ook glo in die tronk. Niemand wil sy volle, regte name gee nie en ook geen informasie nie.

THOMAS gansie.coetzee@daimler.com


Ek is op soek na meer inligting oor Catharina Petronella Myburgh. Gebore 3 Mei 1881 en oorlede 30 Maart 1960 in Amaruru (Namibië). Sy was getroud met George Thomas.

VAN SCHALKWYK step@remcam.net

Ek is op soek na my Van Schalkwyk-voorsate. Ek is Stephanus Mark van Schalkwyk (04/11/1959), my pa was Stephanus Johannes van Schalkwyk (30/06/1926, Colesberg, toe Koffiefontein). Halfbroers Baarend en Tielman. Halfsusters Henna (Hendriena?) en Petru. Sy pa was Daantjie van Schalkwyk. My pa het nie veel gepraat oor sy familie nie.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Die Blinde Sambok

“

Daar het ek gesien dat 'n man sy broek, onderbroek, kouse en skoene uittrek terwyl hy voluit hardloop.

Deur **KOOT JACOBS**

Ons Afrikaners het 'n oulike manier om 'n ding te beskryf. Die term Blinde Sambok verwys na 'n situasie waar jy 'n strik vir iemand stel, en dan self daarin trap. Dit is glad nie lekker as dit jou oorkom nie.

In die vroeë negentigs het ek 'n werker gehad met die naam James. Hy het die besondere vermoë gehad om my daaglik teen die mure uit te dryf. Hy sou die Dalai Lama en Ghandi binne twee minute in psigopate kon verander. Sy ergste wandaad was egter om drank te steel, nie enige drank nie, maar my Red Heart. Nou dié van julle wat my ken, sal weet dat ek redelik emosioneel kan raak oor Red Heart. Dit is die edelste vog wat nog uitgevind is. Ek sal die persoon wat dit uitgevind het prys tot drie dae ná sy dood.

Ek weet nie hoe die Seun van Afrika dit reggekry het nie, maar my Red Heart het verdwyn, en elke keer wat dit gebeur het, was die donner gesuip. Oom Jan Diamantjies was 'n goeie vriend. Terloops, sy naam verwys nie na sy sukses as diamantsmokkelaar nie, maar aan sy gewoonte om die elfde gebod gereeld te verontagsaam. Die elfde gebod, vir dié van julle wat nie weet nie, lui: "Jy sal nie gevang word nie." Hy, en die manne van die SAP se goud- en diamanttak was al amper op eerstenaam terme en meer vriende as opponente.

Oom Jannie het, in sy wysheid, besef indien die drankstelery nie end kry nie, ek in die tronk gaan beland weens die moord op James, iets wat al in 'n gevorderde stadium van beplanning was.

Hy het op 'n Maandagoggend by my aangekom met 'n klein bruin botteltjie waarop die naam Croton Oil geskrywe was. Hy het my in kennis gestel dat die inhoud van die bottel daadwerklik sou bydra tot James se absolute rehabilitasie. Twee of drie druppels in 'n halwe bottel Red Heart sou James genees van sy gewoonte om drank te steel, soseer dat as hy die gevolge van die Croton Oil sou oorleef, hy moontlik homself sou kon bekeer.

Croton Oil, het oom Jannie aan my verduidelik, is 'n vreesaanjaende purgasiemiddel. Sou jy dit inkry, gaan jou maag verskriklik aan die werk en jy gooi blykbaar vreeslik op.

Ek het toe maar besluit om 'n halwe bottel Red Heart op te offer om 'n einde te maak aan die gestelery. Ek het nie twee of drie druppels, soos oom Jannie aan my gesê het, in die bottel ingegooi nie, maar twee of drie teelepels van die bruin vloeistof. Ek het die bottel onder gemerk deur 'n wit kruis met Tippex op te sit.

Ek, oom Jannie, Dirk en 'n jongeling het een Saterdag gaan eende jag. Dit was in Juniemaand. Nou, vir dié van julle wat Standerton se klimaat ken, sal saamstem dat daar in die winter net 'n sifdraad tussen dié plek en die Suidpool is. Dit was moer koud.

Nadat nog 'n rondte deur die jongeling aan ons gelewer is, het oom Jannie na 'n paar slukke 'n snaakse uitdrukking op sy gesig gekry. Ek het ook die gevoel gekry dat die rum effe anders smaak, maar het maar aanhou drink.

Oom Jannie het ongemaklik op sy stoel begin rondskuif en effens bleek om die kiewe begin raak. Hy het skielik doodstil geraak, toe opgespring en met die spoed van lig koers gekies populierbos se kant toe. Ek en Dirk het nog niks makeer nie. Oom Jannie het na 'n ruk teruggekeer en my gevra wat ek met die bottel rum, wat ek vir James gedokter het, gedoen het. Ek het vir hom gese dat daar nie veel oor was nie en dat die bottel gemerk was. Oom Jannie het gesê dat ek en hy weet dat die bottel gemerk was, maar dat hy twyfel of die jong klong wat kroegman is, dit geweet het.

Ons het die jongeling vinnig nader geroep en gevra dat hy die bottel waaruit die

laaste rondte gekom het, moet saambring. Toe ons die bottel omkeer, is ons ergste vrese bewaarheid. 'n Wit kruis was duidelik aan die onderkant sigbaar. Oom Jannie was ewe skielik nie meer effens bleek nie, maar doodsbleek. Hy het in 'n bewerige stem vir my gevra hoeveel Croton Oil ek in die bottel gegooi het. Toe ek hom die antwoord gee, het hy grasgroen begin raak. Die sweet wat op sy voorkop uitgeslaan het, het onbeskaamd gemeng met die tranes wat uit sy oë gestroom het. Sy onderlip het onbeheersd begin rondspring. Ek het gereken dat slegs oom Jannie geaffekteer was, maar net toe ek gerus begin raak het dit ewe skielik gevoel asof iemand n slinger by my naeltjie ingedruk en met rukbewegings begin draai het.

Ek en Dirk het feitlik gelyk by die draadhekkie wat populierbos toe gelei het, uitgekom en oom Jannie was reg agter ons. Daar het ek gesien dat 'n man sy broek, onderbroek, kouse en skoene uittrek terwyl hy voluit hardloop. Ek wou Dirk nog komplimenteer oor die besondere prestasie, toe ek besef dat ek besig is om dieselfde te doen.

Mens, almal van ons wat in die weemag was, weet wat gypoguts is. Wat toe gevolg het, sou die ergste army gypoguts na 'n patetiese flou grappie laat lyk. Mense, dit was verskriklik, dit was werklik 'n strontspul van formaat. Ek was eers bang ek gaan vrek en het toe maar gewens ek vrek.

Die situasie het toe verander van sleg na verskriklik na beroerd. Ons het onbeheersd begin opgooi, nie katte geskiet nie maar hulle gelanseer. Die Amerikaners het 'n beskrywende term daarvoor, hulle noem dit *violent projectile vomiting*.

Die jongeling het intussen, heel beangs, ons vrouens gaan roep. Nou die dames met wie ons getroud was, se simpatievlak met ons het gewissel tussen min en niks. Toe hulle egtersien hoe gehawend en beroerd ons lyk, het hulle dadelik vir Dok Meyer gebel. Hy het, nadat hy gehoor het van die Croton Olie, onmiddelik sy kollega op Standerton gekontak en hom gesê hy moet solank by die hospitaal vir ons wag.

Wat toe gevolg het was werklik vernederend. Die vrouens het ons agterop die Blou F100- bakkie gelaai, broekloos en kaalpoot. hulle het darem vir ons elkeen 'n handdoek gegee om die kaart-en-transport-gedeelte toe te hou.

Die koue was in elk geval so erg dat jy 'n vergrootglas nodig sou hê om enigiets van belang te kon sien. Ons is toe afgevoer hospitaal toe, waar ons die volgende mislike drie dae spandeer het. Met al die drade en drips het ons gelyk soos drie Frankensteins in wording.

Ek het darem die volgende dag my spraak teruggekry en by monde van my vrou 'n boodskap vir James gestuur. Hy het duidelik die boodskap gekry, want toe ek terug op die plaas kom was hy en sy stroois weg. Ek het, gelukkig vir hom, hom nooit weer raakgeloop nie.

Oom Jannie het 'n paar dae later opgedaag en toe ek hom groet het hy net geknor. Hy het my gevra waar die oorblywende Croton Olie is, dit toe gevat en my duidelik in kennis gestel dat ek te onverantwoordelik is om so iets te besit.

Dirk en oom Jannie het my darem na 'n ruk vergewe, maar dit was opmerklik dat hulle, as hulle kom kuier, hul eie bottels drank saamgebring het. Hulle het ook, voordat hulle iets geskink het, die bottels omgekeer en duidelik ondersoek vir enige Tippex-merke.

KAMMANUUS verskyn weer op 1 SEPTEMBER